



DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

Die Seemeen



Gebedsgeleentheid op die berg bokant Kleinmond

 Fotokrediet: Joanne Momsen

Vakansieprogram

Maak gerus 'n draai op ons webwerf by www.ngkogelberg.co.za
of gaan *like* ons **Facebookblad**
of *follow* ons op **Instagram**



Op Palmsondag geniet ds. Maartje van der Westhuizen (tweede van regs), assessor van die NG Kerk se sinode, die koffiekuier ná die diens saam met di. Leopold van Huyssteen, Kirsten Small en Heinrich Carstens.



KLEINMONDKERK is by
Vierde Laan 67,
Kleinmond.



KUIERKERK is by die Kerksaal
by Eerste Laan 36,
Kleinmond.



HANGKLIPKERK is op die
hoek van Disasirkel &
Pillansiaweg in Bettysbaai.



LIG | DEERNIS | HOOP

ONS LERAARS

Neem die vrymoedigheid om enige een van ons leraars te kontak as daar 'n krisis is.

KLEINMOND

ds Heinrich Carstens – 083 566 1490

ds Kirsten Small – 079 296 2431

HANGKLIP

ds Leopold van Huyssteen – 082 707 0676

KERKKANTOORURE

22 tot 31 Desember 2025

Maandag tot Vrydag: 10:00–11:00

Vakansiedae is die kerkkantoor gesluit

1 tot 10 Januarie 2026

Kerkkantoor is gesluit

Maandag 12 Januarie 2026

Kerkkantoor heropen

Indien u ons dringend benodig:

Kerkkantoor 076 134 7157

of die Koster 083 670 4290



Boodskap van ds Heinrich Carstens

Teen die tyd dat jy hierdie lees is die koekies en beskuit gebak, die beddens oorgetrek en die koskaste aangevul. Want sien, dis weer vakansietyd. En dis mos daai spesiale tyd van die jaar waar ons gemeente ons huise en harte oopmaak vir familie en vriende. En dis nie net familie en vriende wat so bietjie kom rus in ons pragtige omgewing nie. Daar is ook gaste en vreemdelinge wat oor ons lewenspad kom. Mag ons ons roeping om draers van Sy lig, verskilmakers met deernis en ambassadeurs van hoop te wees so uitleef dat hierdie gaste en vreemdelinge ook familie en vriende word.

Aan ons gemeente rig ek vandag 'n besondere woord van dank vir die afgelope jaar se saamreis... 'n reis waar ek net weer bewus geword het van God se onbeskryflike groot genade. Ek sien saam met jou uit na die volgende seisoen waarin die Here ons sal begelei in 2026.

En vir elke kuiergas wat in hierdie tyd kom rus wil ek uitnoui om die NG Gemeente Kogelberg jou geestelike tuiste te maak. Kom skakel in by ons eredienste en word deel van 'n geloofsfamilie wat oor die lengte en breedte van ons land mekaar ontmoet.

Mag die Kerstyd ons herinner aan God se liefde vir elkeen van Sy mense. Mag ons feesvier omdat Jesus Christus ons innooi in hierdie liefdeskring van God. En mag ons met verwagting leef omdat ons weet dat die Heilige Gees ons begelei op hierdie liefdespad.

Groetnis – ds Heinrich

Ons deel graag met jou 'n fotobeeld van enkele gebeure die afgelope jaar...



Jeug – en familiekamp



Kruisloop 2025



Die Agapé Vroue-uitreikgroep, wat uit lede van ons gemeente en dié van die VGK bestaan, besig met 'n groepsaktiwiteit in die kuierruimte van ons kerk.



'n Aangrypende toneel uit 2025 se Paasspel wat talle mense diep geraak het.



Bevestiging van Ouderlinge in Kleinmondkerk.



Wêreldbiddag vir vroue by die kerkgebou van die VGK in Proteadorp



NG/VG Skakeling



Heerlike wildswors word deur gemeentelêde in die Hanklipkerkkombuis opgetower.



'n Spoggerige 'Vintage'-tee is in April by Hangklip aangebied, met ds Maartje van der Westhuizen as spreker. Vrouetee saam met Maartje



Kosinsameling vir
Barmhartighedsbediening
met ons Nagmaaldiens



Gesellige samesyn ná die
erediens om die gemeente se
verjaardag te vier.



Gesellige sang-, sop- en sjerrie-aand
by die Hangklipkerk in Julie.



Stap-vir-sending



Kuierontbyt wat deur net die mans
voorberei en bedien is!



Ons gemeente se eerste Gholfdag



Hangklip Mannebediening



Gesamentlike Erediens by Disakloof in
Januarie



DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA



Dis Vakansietyd en ons Stap-vir-Sending

Gert Pretorius (Getuienis-aksie)

Tye verander mos – en ons ook.

In 2025 het die Getuienis-aksie van Kogelberg-gemeente gekies om geld vir sendingondersteuning in te samel deur te stap. Nou, op Woensdag 17 Desember, stap ons weer. Kogelbergers en vakansiegangers is almal baie welkom om mee te doen aan die 'Sendingstap'.

Die leiers van die Kleinmond Stapklub het vier geskikte roetes gekies, wat in lengte wissel tussen vyf en agt kilometer elk. Die roetes loop strandlangs of teen die berghange om die fynbos, berge en strand te kan ervaar.

Alle natuurliefhebbers word genooi om saam te kom. Met ons voete en die lekker geselskap van ander kan elkeen bydra om die ondersteuning aan twaalf sendelinge en organisasies moontlik te maak. 'n Vrywillige donasie deur stappers sal waardeer word, en ook mense wat nie self kan saamstap nie, kan só die gemeente se sendingbeursie meer lyf gee.

Elke stap begin om agtuur die oggend.

Die strandroete in Kleinmond loop van die hoofstrand na die hawe, die bergroete vanaf Vierde Straat verby die golfbaan na Jean's Hill. In Bettysbaai word vanaf Disa-kampterrein met die kontoerpad strand toe en terug na die beginpunt gestap, terwyl die Pringlebaai-stap vanaf die Hangkliphek in Streamweg deur die Brodie-Linkroete loop.

Inskrywings by Annetjie Strever (082 212 3146) of
Esther Pretorius (082 786 3100).

Die Eko-bediening van die NGK Kogelberg en die VGK Kleinmond

Dr Ryk van Velden

Dit is met groot vreugde dat ons sien dat mense uit verskillende gemeentes en gemeenskappe betrokke is by die ekumeniese eko-bediening wat gebore is uit inisiatiewe van die NGK Kogelberg en die VGK Kleinmond.

Dit is verblydend dat kinders van die Here in 'n toemende mate besef dat aardesorg en alles wat daarmee verband hou, nie 'n randverskynsel in ons verhouding en diens aan God is nie, maar 'n wesentlike deel is van ons gehoorsaamheid en deelname aan God se werksaamheid in die skepping. Hy is immers die Skepper, Herskepper en onderhouer van alles deur die bediening van Jesus en die Gees in die skepping.

Alhoewel die getalle van mense betrokke by die verskillende aktiwiteite van die eko-bediening voortdurend wissel, wil dit voorkom of die bediening stadig maar seker in omvang en diepte groei. Die afgelope jaar het geen tekort aan betekenisvolle aktiwiteite gehad nie, wat sowel mense as die omgewing bevoordeel.

Die maandelikse skoonmaakaksies in en rondom Kleinmond het tot gevolg gehad dat 'n beduidende volume herwinbare en nie-herwinbare rommel in die omgewing en van die strandgebiede verwyder is en sodoende gekeer het dat dit in die see beland met al die negatiewe gevolge.

Terwyl die eko-bediening in die vakansietyd geen spesifieke projekte het nie, wil ons almal aanmoedig om steeds by aardesorg betrokke te wees deur deelname aan herwinning en die skoonhou van ons omgewing.

DEUROFFERS GEDURENDE DIE VAKANSIE

14 Desember – Stranddiensspan
21 Desember – Plaaslike Vrouediens
25 Desember – Bybelgenootskap
(Die ½ van alle offergawes)
28 Desember – Getuienisbediening
4 Januarie – Instituut vir Blindes
11 Januarie – Sinodale Gemeentebediening

So kan jy 'n finansiële bydrae maak tot ons gemeente se bedieninge:

Bankbesonderhede
ABSA
NG Kerk Kleinmond
3220 150 320



SnapScan



Ons eredienste gedurende die vakansietyd



DAG	TYD	BEDIENINGSPUNT	PREDIKER
Sondag, 14 Des	09:00	Hangklipkerk	Ds Theuns Henn
	09:00	Kuierkerk	Ds Louis Fourie
	09:30	Kleinmondkerk	Ds Heinrich Carstens
Dinsdag, 16 Des	09:00	Kleinmondkerk	Ds Werner van den Heever
Sondag, 21 Des	09:00	Hangklipkerk	Ds Heinrich Carstens
	09:00	Kuierkerk	Ds Kirsten Small
	09:30	Kleinmondkerk	Ds Piet Botha
Donderdag, 25 Des	08:00	Grasperk (Lagoon)	Ds Gerhard Beukes (ChristGen)
	08:00	Hangklipkerk	Ds Leopold van Huyssteen
	09:00	Kuierkerk	Ds Heinrich Carstens
	09:30	Kleinmondkerk	Ds Werner van den Heever
	09:30	Hangklipkerk	Ds Leopold van Huyssteen
Sondag, 28 Des	09:00	Hangklipkerk	Ds Leopold van Huyssteen
	09:00	Kuierkerk	Ds Kirsten Small
	09:30	Kleinmondkerk	Ds Werner van den Heever
Woensdag, 31 Des	18:00	Kleinmondkerk	Ds Leopold van Huyssteen
	20:00	Hangklipkerk	Ds Leopold van Huyssteen
Sondag, 4 Jan	09:00	Kleinmondkerk	Ds Kirsten Small
	09:00	Hangklipkerk	Ds Leopold van Huyssteen
Sondag, 11 Jan	09:00	Kleinmondkerk	Ds Heinrich Carstens
	09:00	Hangklipkerk	Ds Leopold van Huyssteen
Sondag, 18 Jan	09:00	Disakloof Kampterrein	Gesamentlike Erediens

Die eredienste in Kleinmondkerk word ook lewend uitgesaai op ons gemeente se **YouTube-kanaal: NG Gemeente Kogelberg**



KLEINMONDKERK is by
Vierde Laan 67,
Kleinmond.



KUIERKERK is by die
Kerksaal by Eerste Laan
36, Kleinmond.



HANGKLIPKERK is op die
hoek van Disasirkel &
Pillansiaweg in Bettysbaai.